**Maandag 14 Augustus**
**Skrifgedeelte: Eksodus 20:1-11**
**Fokusgedeelte: Eksodus 20:8-11**
**Die ware betekenis van die Sabbat – vind jou rus in God**

Die Sabbat is een van die goed wat in vandag se tyd al hoe meer geïgnoreer word, maar tog is dit 'n baie belangrike deel van ons Christelike lewe. In die volgende drie dae se dagstukkies gaan ons stilstaan by wat die ware betekenis van die Sabbat is, hoe ons as Nuwe-Testamentiese Christene die Sabbat moet vier en laastens wat die ewigheidswaarde van die Sabbat is.

Die woord "Sabbat" beteken in Hebreeus: rus, ophou, nalaat, onderbreek, wegsit, verwyder. Hiermee saam is daar ook 'n gedagte van heiliging (d.w.s om vir God afgesonder en tot diens te wees) en feesviering.

Dit gebod om die Sabbat te vier, is 'n positiewe gebod. Dit wil sê dis iets wat jy moet doen omdat dit tot jou voordeel sal strek wanneer jy dit doen. Die motivering wat God gee, is dat jy moet onthou dat die klimaks van die skepping nie met die maak van die mens bereik is nie, maar met God se rus. Die heiligheid van die Sabbat beteken dat jy jou rus in God moet vind.

Die lewe vandag is so gejaagd. Daar is net een plek waar jy ware rus kan vind en dit is by God en jy kan dit net doen in Jesus Christus. In Matteus 11:28-29 sê Hy: *"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed."*

Vind jou ware rus in God. Kom na Jesus toe.

*Sing: Psalm 84-1:1, 2*

*Ds. JG van der Walt (George) (emeritus)*